**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 21/07 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023</u>:**
   Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

2. **<u>Groepfoto's – Vrydag, 28 Julie</u>:**
   Die skool se groepfoto's word op **Vrydag, 28 Julie**, geneem en nie meer op 26 en 27 Julie soos op die kwartaalprogram aangedui nie. Alle klas-, sport- en kultuurfoto's van 2023 word geneem. Leerders word in formele wintersdrag afgeneem. Sorg asseblief dat u kind netjies is in die korrekte formele wintersskooldrag geklee. Groepfoto's word eers later in die kwartaal bestel en betaal.

3. **<u>Finansies</u>:**
   - Busgeld vir 3de kwartaal moet asb. teen 31 Julie betaal word.
   - Daar is steeds kopieerkoste-/skryfbehoeftegeld uitstaande. Betaal asb. voor einde Julie.

4. **<u>ATKV-Tienertoneel</u>:**
   Die tienertoneelgroep neem op 9 Augustus by "The Little Theatre" in Port Elizabeth deel.

   <u>Toneelrepetisieprogram</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 24 Julie: | 15:00 – 16:30 | [Almal] |
| Dinsdag, 25 Julie: | 17:30 – 19:30 | [Almal] |
| Woensdag, 26 Julie: | 14:30 – 16:30 | [Almal] |
| Donderdag, 27 Julie: | 14:30 – 16:30 | [Almal] |
| Vrydag, 28 Julie: | 13:15 – 15:00 | [Almal] |
| Maandag, 31 Julie: | 14:30 – 16:30 | [Almal] |
| Dinsdag, 1 Augustus: | 14:20 – 16:00 | [Akteurs] |
| Woensdag, 2 Augustus: | 14:30 – 16:40 | [Almal] |
| Donderdag, 3 Augustus: | 14:20 – 16:30 **of** 17:15 – 19:15 | [Kleed- en tegniese repitisie] |
| Maandag, 7 Augustus: | 17:30 – 19:30 | [Kleedrepetisie] |

5. **<u>Ouerbesoeke – Woensdag, 26 Julie</u>:**
   Ouers van gr. 1 – 12 leerders kry op Woensdag, 26 Julie, die geleentheid om onderwysers te kom spreek. Hierdie kwartaal word daar voorkeur gegee vir leerders wat akademies moet verbeter.

Leerders sal Maandag 'n brief ontvang. Afsprake moet by mev. Daleen Strydom gemaak word.

Ander ouers kan alternatiewe reëlings met onderwysers tref.

6. **Sport:**

- Glenwood House:
  Op Saterdag, 22 Julie, speel die 0/14-, 0/15-, 2de-, en 1ste-netbalspanne in George.

| | | |
|---|---|---|
| Bustye: | Ravinia: | 08:00 |
| | Skool: | 08:15 |
| | Krakeel: | 08:30 |
| | Louterwater: | 08:40 |
| | Misgund: | 08:55 |

- Hoërskool Sentraal-interskole:
  Op 28-29 Julie speel die hoërskool skaak, tennis, rugby en netbal op McLachlan se sportveld. Verdere inligting sal volg.

7. **Landsdiens:**

❖ Provinsale kamp:
Tydens die Junievakansie was daar 4 van ons leerders op die Landsdiens se provinsiale kamp. Dit was groot pret. Die kinders het baie gesien en gedoen. Daar is ook baie nuwe maats gemaak. Ons is baie trots op ons leerders.

❖ Baie geluk aan Melandrie van der Mescht wat gekies is om die nasionale kamp vanaf 9 tot 14 Desember by *Blyde Adventure Camp* in Hoedspruit by te woon.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453
Hoërskool McLachlan

herotel